VAN ONS SUSTERS

Ons Sustersaamtrek is
DV 8 Maart op Koster.

Die koste beloop R130 per persoon.
Ons gaan probeer om ‘n bussie te bekom sodat almal gesellig saam kan reis.

TEMA **Jy is ’n lewende brief**

Daar is ’n lys in die saal waar jy jou naam kan opskryf en jy kan jou geld by Wymie inbetaal.

Kom ons maak sommer ’n bus vol – die Saamtrek is mos ‘n hoogtepunt elke jaar. Sien jou daar!

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

WAT VAN ‘N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 9 en 10 nooi almal uit om na die erediens ’n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 5. Sondag 9 Februarie 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste. kategese en Huis Eikelaan:
Ouderlinge: Wyk 7 **Tom Chambers** en Wyk 8 **Danie Erasmus**
Diakens: Wyk 7 **Banie Nortjé** en Wyk 8 **Zurich Terblanche**
Skinkbeurt: Wyke 9 en 10. Susters Leana Mostert en Mabel Glöy

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Voorbereiding
Die huisbesoektema wat die ouderlinge en diakens die kwartaal met huisbesoek behandel het, het op die derde kenmerk van die ware kerk, naamlik die liefdevolle bediening van die kerklike tug, gefokus. In die Woordbediening vanoggend sal dit ook die fokus wees.
Woordbediening: Hebreërs 12.
Fokusverse: Hebreërs 12:7-8; vgl. HK Sondag 31.
TEMA: ***Die liefdestug van ons hemelse Vader bring vrede.***
Sing: Psalm 2:4, 5 (tweede melodie); Psalm 66:1, 4, 6; Psalm 141:4, 5, 9; Psalm 94:6, 7 (melodie Psalm 105); Psalm 118: 8, 9.
Sing met meelewing: Psalm 125:1, 3, 7.

AAND: Woordbediening: Eksodus 34. **Fokusverse:** Eksodus 34:6-7.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 1 (vgl. HK Sondag 4).
TEMA: ***Die barmhartige God eis in sy regverdigheid dat sondes tydelik en ewig na siel en liggaam gestraf word.***
Sing: Psalm 50:1, 2, 3 (tweede melodie); Psalm 98:1, 2, 4; Psalm 51:2, 3, 5; Psalm 112:4 (eerste melodie van Skrifberyming 4-8); Skrifberyming 19-3:1, 2, 3, 4 (25) (melodie Psalm 134; na die wegstuurseën).

Diens by Huis Eikelaan om 15:30 word gelei deur prof Albert Coetsee

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Dankbaarheidsfonds***

VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)

Volgende week se Spesiale kollekte is vir die **Kerkkas**

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ettie Du Plessis sterk aan na ‘n prosedure om nierstene te verwyder. Ons verseker haar van ons voorbidding op die pad van herstel.

Annetjie Kruger van Groen Wilgers was vir ‘n paar dae in Mediclinic maar is terug by Groen Wilgers waar sy in die versorgingseenheid aansterk. Ons bid haar die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

Anneke Markgraaf is Woensdag ontslaan na ‘n knievervanging sy verduur erge pyn. Sy het in die komende week afsprake met spesialiste by Medikliniek.

Bennie en Wouna van der Berg het albei die afgelope week geval. Bennie ondergaan more ’n prosedure om te poog om die pyn in sy rug te verlig.

Nelis Coetsee ondergaan Donderdag ’n prosedure in die Cormed Hospitaal in die Vaaldriekhoek.

Fanie Jooste sterk tuis aan na sy groot operasie en het oor twee weke weer ’n opvolgondersoek.

Suzie Marais het onlangs ’n uitsnyding laat doen, en gegewe haar mediese geskiedenis het die dokter dit na die laboratorium gestuur vir toetse.

Loffie Eloff ondergaan Woensdag ’n ingrypende operasie in Medikliniek.

Mariaan Roscher is die agelope week weer in Medikliniek opgeneem en die uitslae van toetse en skanderings is, toe die afkondigings voorberei is, nog afgewag.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons maak met leedwese bekend dat **Loula Kruger** Vrydagoggend oorlede is. Sy was in Huis Anna Viljoen en ruim sewe jaar bedlêend. Die afgelope week het sy baie verswak en ons verseker haar dierbares van ons voortdurende voorbidding.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons is baie dankbaar vir elke gewillige en oop hand wat kom help het om vleis te braai en burgers te bou! Dankie vir die bydraes wat ook sommer so spontaan op die kombuistafel geland het om geskil, gekap en gebraai te word. U entoesiasme is aansteeklik! Daar is nog enkele betalings uitstaande en ons hoop om volgende Sondag terugvoer te gee oor die opbrengs van die eerste burgerverkope.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Do	13/02	**Karen Aartsma,**. Wyk2
		Coenraad Karsten, Wyk 4
		Suhanli van Dyk (8), Wyk 2
Sa	15/02	**Anré Venter,** Wyk 2

Bede met meelewingPsalm 125:1, 3, 7.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	09/02	08:30	Hoërskoolkatkisasie	Bo vertrek
So	09/02	09:30	**VOORBEREIDINGSDIENS**	
		10:50	Laerskoolkatkisasie	Bo vertrek
		15:30	Erediens Huis Eikelaan prof Albert Coetsee	Kapél
		16:30	Diakonie vergadering	Konsistorie
		19:00	Kerkraad-en Diakonievergadering	Kerkgebou
			Kerkraad (verslagvergadering)	Kerkgebou
Di	11/02	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan (NGB, art 1)	Rooi sitkamer
Wo	12/02	18:00	Bybelstudie (Profetiese rede, nr 3)	Konsistorie
So	16/02	09:30	**NAGMAAL en gemeente-ete**	

KATKISASIE	Sondag 9 Februarie	Sondag 23 Februarie
Hoërskoolkatkisasie	Les 3	Les 4
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 3 Psalm 38: 1, 17 Sondag 3 Onse Vader, 2de bede	Les 4 Psalm 42: 1, 5 Sondag 4 Onse Vader, 3de bede

BYBELSTUDIES

Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie (Markusevangelie en ons bestudeer in diepte die Profetiese Rede, nr 3).

Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom.

ATTESTATE Attestate ontvang: Vanaf GK Potch-Suid:
Willem Berend en Lara Louise Kroeze en dooplidmate **Jan Hendrik Willem, Berend en Chrisjan**. Hulle is voorlopig ingedeel in huidige wyk 6 (nuwe wyk 4) by ouderling Flip Mostert en diakens (huidig vakant) by nuwe indeling Rudy van der Spoel/Geert Stoop/Banie Nortjé. Wyksuster is Ineke Bakker. Baie welkom in ons gemeente.

NAGMAAL-ETE

U word hiermee hartlik uitgenooi na die
Nagmaalete op Sondag 16 Februarie 2025 om 12:00.
Die versoek is dat die lidmate wat die ete gaan bywoon, soos in die verlede, 'n koue slaai saambring om met die res van die Gemeente te deel. Spyskaart is geroosterde bief (pot roast), gammon en hoenderstukkies met slaaie, saam met broodjies en blatjang en mosterdsous vir die vleise. Nagereg is jellie en roomys. Geen kostes per persoon, maar donasies is welkom. Besprekings by Pieter Bouwsema 082 923 1384 of Malie Wyma 018 294 4600 teen Woensdag 12 Februarie.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker,
mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter,
blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel.
Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
21 FEBRUARIE 2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. Worsbroodjies R 30
En PANNEKOEK is weer te koop